HOËRSKOOL OUTENIQUA

SKEPPENDE KUNSTE

Wat is Skeppende Kunste?

Die vak Skeppende Kunste bied blootstelling aan, en die studie van, 'n reeks kunsvorms insluitende dans, drama, musiek en visuele kunste (insluitende ontwerp en kunsvlyt) vanaf Graad R tot Graad 9. Die hoofdoel van die vak Skeppende Kunste is om leerders as kreatiewe, verbeeldingryke individue te ontwikkel wat die kunste waardeer en wat 'n basiese kennis en vaardigheid sal hê om aan kunsaktiwiteite deel te neem en om hulle vir moontlike verdere studie in die kunsvorms van hulle keuse in Verdere Opvoeding en Opleiding (VOO: Grade 10 tot 12) voor te berei

Tydstoekenning vir graad 8:

Die tydstoekenning vir Skeppende Kunste is **4 periodes** per siklus (Siklus: 9 dae x 6 periodes = 54 periodes)

Vakkeuse vir graad 8:

U kind het 2 moontlike opsies:

OPSIE 1:

2 periodes **Visuele Kunste** (verpligtend) en 2 periodes **Dans of Drama**.

Die leerder moet dus ‘n keuse tussen **Dans en Drama** uitoefen.

OPSIE 2:

4 periodes **Musiek*** as vak

Leerders wat Musiek as vak wil neem, sal aan streng keuring onderwerp word. Hierdie keuring sal aan die begin van die nuwe akademiese jaar deur die vakhoof van Musiek hanteer word. As die leerder nie gekeur word vir Musiek nie, sal hy of sy die geleentheid gebied word om dan tussen Dans en Drama te kies.

Voltooi asseblief die afskeurstrokie deur u keuse tussen die 2 moontlike opsies uit te oefen en stuur dit so spoedig as moontlik terug aan die skool. Hierdie inligting is nodig vir rooster- en seksieindelings.

C.A. Hattingh (Adjunkhoof: Akademie)

.....

AFSKEURSTROKIE: SKEPPENDE KUNSTE

VAN EN DOOPNAAM VAN LEERDER .....

Dui aan watter opsie u uitoefen deur ‘n kruisie [x] in die toepaslike blokkie te trek.

OPSIE 1: 2 periodes Visuele Kunste + 2 periodes Dans of Drama				**OPSIE 2:** 4 periodes Musiek	
Dans		**Drama**		**Musiek**	